DOEL VAN HIERDIE BELEID:

HMS La Rochelle se assesseringsbeleid verseker dat assessering in die skool goed beplan en bestuur word. Assessering moet voldoen aan die volgende vereistes: regverdigheid, geldigheid, betroubaarheid, konsekwentheid en deursigtigheid.

Om leer te bevorder en leerders te help om hulle volle potensiaal te bereik, moet assessering

- reflekterend wees van leer en die leerproses moet deelnemend wees
- duidelik, deursigtig en gefokus wees
- gebaseer wees op voorafopgestelde kriteria en standaarde
- se tempo deur die leerders bepaal word
- deelnemend wees
- varieer in terme van metode en inhoud
- buigbaar wees om uitgebreide geleenthede toe te laat

Om leerderdiversiteit te akkomodeer, moet assessering gebaseer wees op die wete dat

- alle leerders kan leer met die nodige ondersteuning
- leerders die tempo van leer bepaal
- HMS La Rochelle die omstandighede moet skep vir leerders om suksesvol te wees
- i.p.v. leerders te etiketteer volgens hul beperkinge, die beperkinge aangespreek moet word
- hulpmiddels van so ’n aard moet wees dat dit ’n wye verskeidenhied van leerhindernisse aanspreek